**Moses worstel...en die Here lig die sluier**

**Eks 4:1-17**

**3 Maart 2024**

1. Vantevore: Beswaar 1: Wie is ek? Antwoord 1: Ek is immers by jou. Beswaar 2: Wat is Sy Naam? Antwoord 2: Ek is (Jahwe, HERE, Verbondsgod)
2. Beswaar 3: “En sê nou die Israeliete glo my nie?” (Eks 4:1-9)
    a. Moses is bekommerd die volk sal hom nie glo nie – 40 jaar gelede onsuksesvol
    b. Die Here antwoord met 3 tekens
    c. Eks 4:8-9: tekens (DAV), wondertekens (NAV), tekens (OAV)
    d. Eks 7:3: tekens en wondertekens (DAV), tekens en wonders (OAV en NAV)
        - Wonder = abnormale gebeurtenis wat aandag trek
        - Teken = gebeurtenis met dieper betekenis
    e. 3 Tekens onderstreep die Here se almag en soewereiniteit
    f. Doel van 3 tekens: sodat die volk kan <u>glo</u> (v5)
        - Vgl met die tekens van Jesus (Joh 14:1, 11)
    g. Teken 1: Staf / slang (Eks 4:2-5)
        - Slang was prominent in farao se kroon, geassosieer met songod Ra
        - Moses is tipe van Een wat sal kom om die slang te vermorsel (Gen 3:15)
    h. Teken 2: Melaatsheid (Eks 4:6-7)
        - Melaatsheid is teken van onreinheid, sonde (Lev 13, Num 12:15)
        - Moses is tipe van Een wat melaatsheid op Hom neem, en dit wegneem
    i. Teken 3: Water in bloed (Eks 4:8-9)
        - Nylrivier was lewensaar / afgod vir Egipte
        - Moses is tipe van Een wat wêreld en afgode sal oorwin
    j. 3 Tekens dui op oorwinning oor gelowige se 3 aartsvyande: duiwel (Joh 14:30), sondige natuur (Gal 5:17), wêreld (1 Joh 2:15)
    k. Verlossingsplan van die Here is omvangryk en volledig om aldrie aartsvyande te oorwin
3. Beswaar 4: “Maar ek is nie ‘n man van woorde nie” (Eks 4:10-17)
    a. Moses het onvermoë gehad om effektief te kommunikeer – detail is onseker (vgl Hand 7:22)
    b. Die Here is soewerein – Hy beskik oor die mond (Let op: Moses spreek God aan as: Heer = Adonai – die soewereine/almagtige God)
    c. V13: “Ag, Here, stuur tog deur wie U wil stuur” (OAV) – Moses sou verkies as die Here iemand anders wou stuur (vgl Mat 26:39)
    d. Die Here het reeds voorsien: Aäron is reeds oppad, hy is welsprekend
    e. Moses is god vir Aäron (v16), Aäron is profeet vir Moses (Eks 7:1)
        - Die Here praat met Moses, Moses met Aäron, Aäron met volk
    f. Fokus is hier op profetiese rol (nie hoëpriesterlike of koninklike rol nie)
        - Moses is tipe van die Here Jesus as Profeet (vgl Joh 14:6-11)
        - Aäron is tipe van die Heilige Gees as Profeet (vgl Joh 16:12-14)
4. Opsommend:
    a. Beswaar 1: Vader is by Jesus (behalwe tydens Godverlatenheid met kruisiging)
    b. Beswaar 2: Wese van God as Verlosser
    c. Beswaar 3: Volledigheid van God se verlossing
    d. Beswaar 4: Die Here sorg dat ons Sy wil sal ken